



Munisipaliteit  
Municipality  
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VIRTUELE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD, GEHOU OP DINSDAG, 12 MEI 2020 2020 OM 14:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdl M A Rangasamy

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen

Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Bekebu, Z (ANC)

Bess, D G (DA)

Daniels, C (DA)

De Beer, J M (DA)

Humphreys, F S (ANC)

Maart, E S M (DA)

McQuire, V D (DA)

Mfutwana, L E (EFF)

O'Kennedy, E C (DA)

Penxa, B J (ANC)

Philander, D B (ANC)

Smit, N (DA)

Solomons, P E (DA)

Stanley, B J (DA)

Stemele, O M (DA)

Van der Westhuizen, R F (DA)

Van Zyl, M (DA)

Zatu, N S (ANC)

**Beampes:**

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz

Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit

Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann

Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton

Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys

Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger

Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche

Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

**1. OPENING**

Die Speaker verwelkom lede van die munisipale raad by die virtuele vergadering en versoek die Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys, om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Geen verskonings tot verlof is ontvang nie.

**3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS**

**3.1 AANVAARDING VAN GENERIESE ReëLS VIR VIRTUELE VERGADERINGS OF SITTINGS (3/4/2/1)**

Die Munisipale Bestuurder noem dat 'n Omsendbrief C18/2020 op 11 Mei 2020 vanaf SALGA ontvang is insake algemene reëls vir die hou van virtuele vergaderings of sittings vir aanvaarding deur die Raad.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl P E Solomons, gesekondeer deur rdl E S M Maart)

Dat die Algemene Reëls vir Virtuele Vergaderings of Sittings soos voorgehou deur SALGA aangeneem word vir virtuele vergaderings gehou deur die Swartland Munisipale Raad om te geld ten aansien van vergaderings van die Raad en sy komitees, om saamgelees en toegepas te word in samehang met die Swartland Munisipaliteit: Verordening Insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings soos per Publieke Kennisgewing 7501 gedateer 2 Oktober 2015.

#### 4. SAKE VIR BESPREKING

##### 4.1 RAADSLIDVERGOEDING: 2019/2020 FINANSIËLE JAAR (5/10/1)

Die laat afkondiging van die verhoogde toelaes en byvoordele vir raadslede ten aansien van die 2019/2020 finansiële jaar per Goewermentskennisgewing Nr. 475 soos afgekondig in Staatskoerant 43246 gedateer 24 April 2020 is met die sakelys gesirkuleer.

Die verslag bevat die volledige finansiële implikasie van die verhoogde toelaes en voordele van raadslede vir die Munisipaliteit as 'n Graad 4 plaaslike owerheid.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en word –

##### **EENPARIG BESLUIT**

(op voorstel van rdd M S I Goliath, gesecondeer deur rdh B J Stanley)

- (a) Dat kennis geneem word van die inhoud van Goewermentskennisgewing Nr 475 soos afgekondig in Staatskoerant 43246 gedateer 24 April 2020, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir die Munisipaliteit as Graad 4 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2019/2020 finansiële jaar, soos toegelig in Aanhangsel B tot hierdie verslag;
- (b) Dat kennis geneem word dat daar genoegsame voorsiening in die 2019/2020 finansiële begroting gemaak is om die verhoogde toelaes en voordele te dek, en dat die Raad goedkeuring gevolglik verleen vir die implementering daarvan, terugwerkend vanaf 1 Julie 2019;
- (c) Dat goedkeuring verleen word dat die maandelikse toelaag van R300 ten opsigte van data-pakkette (met verwysing na paragraaf 3.7 van die verslag) ingevolge die "Tools of Trade Policy" aan alle raadslede betaal word;
- (d) Dat daar voldoen sal word aan die oorlegplegingsvereistes van die LUR vir plaaslike regering ten einde lg. se instemming te bekom vir die implementering van die gewysigde toelaes en voordele;
- (e) Dat die Munisipale Bestuurder hom vergewis dat die inligting wat in terme van Paragraaf 18 van die Goewermentskennisgewing vereis word aan die LUR vir plaaslike regering voorgelê word.

##### 4.2 **SALGA: VOORGESTELDE BYDRAES TOT MUNISIPALE SOLIDARITEITSFONDS OM VERSPREIDING EN IMPAK VAN COVID-19 TE BEPERK (5/9/2/13)**

Die stigting van 'n Solidariteitsfonds om die impak van Covid-19 te beperk is op 23 Maart 2020 deur President Cyril Ramaphosa aangekondig met die uitnodiging aan Suid-Afrikaners om in 'n gekonsolideerde poging tot die Fonds by te dra.

Gevolglik het lede van die Kabinet en adjunkministers op 12 April 2020 onderneem om 'n derde van hul salarisse vir die volgende drie maande af te staan as bydrae tot die Fonds. Intussen het 'n aantal openbare verteenwoordigers en direkteure van groot maatskappye ook tot die Fonds bygedra.

Tydens 'n vergadering van die Nasionale Uitvoerende Komitee van SALGA op 10 April 2020 is daar besluit dat plaaslike owerhede as 'n kollektief die oproep van die President moet ondersteun.

##### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesecondeer deur rdd M S I Goliath)

- (a) Dat SALGA se aanbevelings (soos per Omsendbrief 16/2020) rakende 'n voorgestelde verbintenis deur raadslede om die 4% jaarlikse verhoging vir die maande van April, Mei en Junie 2020 by te dra, sowel as in verband met die daarstel van 'n Munisipale Solidariteitsfonds vir sodanige bydraes, nie goedgekeur word deur die Swartland Munisipale Raad nie, vir die volgende redes:

## 4.2(a)/...

- (i) Raadslede is die laags betaalde openbare ampsbeksleërs, soos blyk uit die groot salarisgaping tussen plaaslike en sowel provinsiale en nasionale ampsbeksleërs;
  - (ii) As gevolg van provinsiale en nasionale stelsels wat faal om die inperkingsmaatreëls effektief te implementeer, word daar van munisipaliteite (raadslede sowel as amptenare) verwag om verantwoordelikhede buite hul mandate te aanvaar, bv. om toe te sien dat sosiale verligtingsprogramme in gemeenskappe geïmplementeer word, en om al die uitdagings wat op grondvlak daaruit voortspruit, die hoof te bied;
  - (iii) Raadslede in plaaslike owerheid het oor die afgelope twee jaar slegs gekwalifiseer vir 'n 4% jaarlikse verhoging in vergoeding. Insgelyks het senior bestuurders wat ingevolge die Boperke vir Senior Bestuurders vergoed word, met selfs 'n laer verhoging tevrede moes wees, dermate dat hulle in bepaalde gevalle minder as hul ondergeskiktes verdien. Hierdie lae verhogings beloop minder as die SA inflasie, wat vlakke van tussen 4.58 en 6.3 persent oor die afgelope paar jaar gehandhaaf het;
  - (iv) CoGTA se versuim om oor baie jare die boperk-kennisgewings betyds af te kondig vir implementering met ingang vanaf 1 Julie elke jaar, wat tot die finansiële nadeel was van raadslede (en ook senior bestuurders) wat sonder hierdie addisionele inkomste vir baie maande moes klaarkom, en verhoogde lewenskoste en verlies aan rente op verdienste moes verduur. Ten opsigte van die 2019/20 jaar, is die kennisgewing rakende boperke eers teen einde April afgekondig, d.i. tien maande ná die aanvang van die finansiële jaar, wat 'n duidelike aanduiding is dat daar min of geen begrip is vir raadslede vanaf nasionale vlak nie;
  - (v) 'n Besluit is op 15 April 2020 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee geneem dat SALGA Nasionaal versoek moet word om die SA Bedingingsraad vir Plaaslike Owerhede te nader om vrystelling te bekom van die Kollektiewe Salaris- en Loonoorenkoms ten opsigte van die 2020/21 finansiële jaar, as gevolg van die ekonomiese swaarkry en verlies aan werksgeleenthede wat weens COVID-19 voorsien word, en gevolglike verlies aan munisipale inkomste. Indien onderhandelinge in hierdie verband suksesvol is, sal werknemers (ingesluit daardie senior bestuurders wat nie vergoed word ingevolge die Boperke vir Senior Bestuurders nie) slegs vir 'n kerfverhoging kwalifiseer, indien toepaslik, en hul 6.25% salarisverhoging en 6.25% op salarisverwante byvoordele, verbeur. Daar word voorsien dat dit 'n beduidende impak sal hê op veral daardie senior bestuurders wat aftrede nader, wie se aftreefonds- en ander beleggings reeds deurloop onder die kwesbare ekonomiese markte as gevolg van COVID-19, en voorsiene ekonomiese nadraai daarvan;
  - (vi) Die persoonlike en finansiële omstandighede van raadslede en bestuurders verskil, wat 'n kollektiewe benadering oor hierdie kwessie kompliseer.
- (b) Dat kennis geneem word dat daar by die Raadsvergadering van 25 Maart 2020 melding gemaak is dat senior bestuurders alreeds hulself verbind het tot die maak van individuele bydraes om die impak van COVID-19 in hul onderskeie gemeenskappe te bekamp, deur òf finansiële bydraes te maak aan NGOs van hul keuse, òf om kwesbare huishoudings wat aan hulle bekend is, met kos of finansiële hulp by te staan. Die verklaring wat in hierdie verband opgestel en deur al die senior bestuurders onderteken is, word van kennis geneem en word gerespekteer, addisioneel tot die redes soos voorgehou in subparagrafe (iii), (v) en (vi) hierbo in die mate waarop dit op senior bestuur toepaslik is;
- (c) Dat kennis geneem word dat dit wil voorkom asof SALGA as werkgewersorganisasie nie begrip het vir die ekonomiese impak wat COVID-19 op munisipaliteite en gemeenskappe het nie, aangesien – in reaksie op die Munisipale Bestuurder se versoek dat hul ledegelde heroorweeg moet word – die enigste toegewing gemaak is deur die sg. 'early bird special' rakende die betaling daarvan tot die einde van Mei (in plaas van April) 2020 te verleng;

4.2(a)/...

- (d) Dat, alhoewel die betaling van die ledegelde deur wetgewing vereis word, SALGA versoek word om ernstig heroorweging te skenk aan hul ledegelde; alternatiewelik, dat die Munisipaliteit die geleentheid gebied word om eers te bepaal of die betaling van die ledegelde (wat 1% van die munisipale salarisbegroting bedra, synde bykans R2,4 miljoen ten opsigte van die 2020/21 finansiële jaar) finansiël volhoubaar is, met inagneming van ander begrotingsprioriteite sowel as die ekonomiese impak van COVID-19 op sy begroting;
- (e) Dat daar nie nou in die 2019/2020 finansiële jaar enige SALGA-ledegeld oorbetaal word nie, weens die feit dat die Munisipaliteit kostes moet bespaar as gevolg van die impak van COVID-19;
- (f) Dat die volgende redes, onder ander, aangevoer word vir die nie-betaling van SALGA-ledegeld, naamlik:
  - (i) SALGA oorskry sy magte deur munisipaliteite te versoek om 'n Munisipale Solidariteitsfonds te stig waartoe raadslede, senior bestuurders en munisipale amptenare 'n sekere bydrae moet maak, terwyl Nasionale Tesourie se instruksie baie duidelik is dat enige fondse slegs in die Nasionale RDP-fonds gestort mag word;
  - (ii) SALGA nie daarin kon slaag om druk uit te oefen op CoGTA om boperkenningsgewings betyds te laat afkondig nie, en boonop verwag dat raadslede April, Mei en Junie se 4% aanpassing wat reeds op 1 Julie 2019 geïmplementeer moes gewees het, afstaan;
- (g) Dat 'n versoek aan SALGA gerig word om te oorweeg om met virtuele vergaderings nie verdere sittingsfooie aan raadslede te betaal vir die bywoning van SALGA-vergaderings nie, aangesien die nie-betaling van sittingsfooie aan raadslede tot 'n vermindering in ledegeld aanleiding kan gee wat as sinvol beskou word, en dat SALGA verder versoek word om 'n aanduiding te gee watter maatreëls hulle in plek stel om ledegelde so laag moontlik te hou.

#### **4.3 OORWEGING EN GOEDKEURING VAN KONTRAKTE MET TOEKOMSTIGE BEGROTINGSIMPLIKASIES SOOS VEREIS WORD DEUR ARTIKEL 33 VAN DIE MFMA: TOEKENNING VAN TENDERS T22/19/20 EN T23/19/20 VIR DIE OPGRADERING VAN DIE MOORREESBURG EN DARLING RIOOLSUIWERINGSWERKE (5/1/B; 16/3/B)**

Die verslag tot die sakelys bevat 'n volledige motivering en finansiële implikasie insake die twee projekte vir die opgradering van onderskeidelik die Moorreesburg Rioolsuiweringswerke en Darling Rioolsuiweringswerke.

Die Munisipale Bestuurder noem dat die voorlegging van die kontrakte nie ten doel het om raadslede te betrek by die toekenning van die tenders nie, maar om die Raad in te lig aangaande die begrotingsimplikasies wat die kontrakte te weeg bring ter voldoening aan Artikel 33 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Rdl D B Philander doen 'n ernstige beroep dat die kontrakteurs van plaaslike arbeid gebruik moet maak.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl C Daniels, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat ter uitvoering aan Artikel 33 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 –

- (a) die Raad kennis neem dat die toekenning van tenders T22.19.20 en T23.19.20 vir die opgradering van die Moorreesburg en Darling Rioolwerke die volgende finansiële verpligtinge vir die Munisipaliteit sal meebring wat nie deel vorm van die goedgekeurde 2019/2020 meerjarige begroting nie:
  - (i) voorsiening vir die bedrag van R7 646 177 in die kapitale begroting van die 2022/2023 finansiële jaar;

4.3(a)/...

- (ii) verhoogde riooltariewe van die huidige tarief van R 234.35 tot R 251.96 p/m in die 2020-2021 finansiële jaar;
  - (iii) verdere verhogings van 7,51% in plaas van 6% in die opvolgende jare ongeveer gelykstaande aan 'n addisionele R 3.55 p/m vir die delging van 'n eksterne lening ten bedrae van R50 miljoen terugbetaalbaar oor 'n termyn van 10 jaar wat opgeneem word vir die gedeeltelike finansiering van die projek;
- (b) die Raad kennis neem dat kommentaar ingevolge die bepalings van Artikel 33(1)(b)(iii) en (iv) van die MFMA slegs ontvang was van die Darling Black Business Forum;
  - (c) die Raad kennis neem van die kommentaar van die Darling Black Business Forum en dat geen verdere handeling hieruit voortspruit nie;
  - (d) die Raad ook kennis neem dat die bepalings van die Raad se Voorsieningskanaal- bestuursbeleid nagekom was met die aanvra en evaluering van tenders T22.19.20 en T23.19.20;
  - (e) die Raad die kontrakte vir tender T22.19.20 en T23.19.20 as volg goedkeur:
    - (i) T22.19.20 vir die siviele werke vir die opgradering van die Moorreesburg Rioolwerke en die Darling Rioolwerke WWTW aan Haw and Inglis (Pty) Ltd vir die bedrag van R80 344 598.13 (BTW ingesluit) /R 69 864 867.94 (BTW uitgesluit) en 'n beplande konstruksieperiode van 104 weke;
    - (ii) T23.19.20 vir die meganiese en elektriese installasie vir die opgradering van die Moorreesburg Rioolwerke en die Darling Rioolwerke WWTW aan Inenzo Water (Pty) Ltd vir die bedrag van R75 470 322.36 (BTW ingesluit) / R 65 626 367.27 (BTW uitgesluit) en 'n beplande konstruksie periode van 93 weke;
  - (f) die Munisipale Bestuurder gemagtig word om die kontrakte wat voortspruit uit die toekenning van tenders T22.19.20 en T23.19.20 te onderteken.

#### **4.4 ONREËLMATIGE UITGAWES SOOS GERAPPORTEER DEUR DIE OUDITEUR-GENERAAL IN DIE VERSLAG VIR DIE 2018/2019 FINANSIËLE JAAR (5/15/15)**

Artikel 32 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA), vereis dat onreëlmatige uitgawes aan die Raad gerapporteer moet word.

Die verslag tot die sakelys bevat volledige besonderhede aangaande die ondersoek wat geloods is, ingesluit die verslag en aanbevelings van die Dissiplinêre Raad.

#### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl O M Stemele, gesekondeer deur rdh R F van der Westhuizen)

Dat daar kennis geneem word dat die ondersoek afgehandel is met betrekking tot die verkryging van goedere en dienste ingevolge die kontrakte onderskeidelik aangegaan deur Drakenstein Munisipaliteit en Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit, en dat –

- (a) 'n Verslag rakende die Drakenstein Munisipaliteit was op 26 Maart 2020 aan die Raad voorgelê, soos aangedui onder item 2.3.4 van die verslag;
- (b) Daar kennis geneem word van die inhoud van die Rekord van Besluitneming van die Dissiplinêre Raad ten opsigte van die Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit soos per Aangangsel A tot hierdie verslag dat onvoldoende gronde bestaan om die uitgawes van R744 633.12 as onreëlmatig te beskou;
- (c) Die aanbevelings van die Dissiplinêre Raad soos vervat in Aangangsel A tot die verslag goedgekeur en geïmplementeer word vir die volgende:
  - (i) Die bedrag van R1 833,26 wat te veel betaal was aan die diensverskaffer as 'n vrugtelose en verkwiste uitgawe geag word;
  - (ii) Die bogenoemde uitgawe van die Kgolo Instituut verhaal word en as dit nie betaal word nie van die amptenare wat verantwoordelik was vir die oorbetalings verhaal word;

4.4(c)/...

- (iii) Die bestaande beheermaatreëls vir die verwerking en verifiëring van betalings aan 3<sup>de</sup> partye ten alle tye nagekom word om te voorkom dat hierdie soort menslike foute in die toekoms herhaal word.
- (d) Die onreëlmatige uitgawes ingevolge artikel 32(4) ten bedrae van onderskeidelik R953 705.38 en R8 099 615.02 skriftelik gerapporteer word aan die LUR vir Plaaslike Regering en die Ouditeur-Generaal.

**4.5 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN DIE MFMA): JANUARIE TOT MAART 2020 (7/1/2/2-2)**

Die voorlegging van die kwartaalverslag word voorgeskryf deur artikel 52(d) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

Die voorlegging van die verslag aan die Raad dien as een van die Uitvoerende Burgemeester se algemene verantwoordelikhede om die Raad in te lig aangaande die implementering van die begroting en die stand van die finansiële sake van die Munisipaliteit.

Die kwartaalverslag ten opsigte van Kwartaal 3 soos op 31 Maart 2020 is met die sakelys gesirkuleer.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Raad kennis neem van die aangehegte kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003, ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Januarie 2020 tot 31 Maart 2020.

**GETEKEN:  
SPEAKER**